

Prettige riffels



FOTO: WILLEM DE LANGE, MODIE: ANITA VAN MOEDER, MANAGEMENT: GRIMMERING
EN HARE DEINORE, VAN PROFESSIONAL BOOKINGS, KLEER: VAN JET, HANDSACKE:
VAN EARTHBOUND, ONTWERP EN PATROON: VAN PINGOON, PATROON VERSDRIJ:
DEIR: STOUKE JORDAAN, STYLING: RIANA VAN DER MEIWI

'n Modieuse, helderkleurige riffeltuniek is ideaal as 'n jonge juffrou die dag lus voel om die dorp op horings te neem. Deur Riana van der Merwe

Dié patroon is maklik

Koste: Sowat R80

BENODIGDHEDE

Pingouin Bouclé met wol (50 g-bolle), 10(11; 13) bolle Peacock (kleur nr. 04)

Paar Inox-breinaalde van 4,00 mm

Inox-stekehouer

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoorde-likheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

MATE

Om borsmaat van 82-87(92; 97-102) cm lossies te pas

Ware grootte: Onderrand van trui 104 (111; 118) cm; lengte tot skouer 70(71; 72) cm; mounaat 48 cm

SPANNING

23 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor dubbelrif met 4,00 mm-breinaalde

Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe

aw – brei aweregs

beg – begin

dubbelrif – dubbelriffelsteek (r2, aw2)

herh – herhaal

N(e) – naald(e)

oorbl – oorblywende

pat – patroon

r – brei regs

rif – riffelsteek (r1, aw1)

R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk

sier-rif – sierriffelsteek (r4, aw4, tot einde van ry en brei in vlg rye ste soos hulle voorkom)

st(e) – steek(steke)

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

AGTERPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 120(128; 136) ste op; brei sier-rif, plaas ste in 1e ry só: *r4, aw4, herh

van * tot einde van ry.

Brei voort in pat soos nou vasgestel, vermin 1 st aan weersk van vlg 7e ry en elke daaropvlg 10e ry, 10 keer altesaam – 100(108; 116) ste.

Brei reguit tot werk 38 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Slaan oor na dubbelrif, *r2, aw2; herh van * tot einde van ry.

Brei reguit in pat soos nou vasgestel tot werk 51 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: Heg 5(6; 7) ste af aan beg van vlg 2 rye en 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye – 84(90; 96) ste.

Brei reguit tot werk 70(71; 72) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming: Heg 5(6; 6) ste af aan beg van vlg 6 rye en 6(5; 7) ste aan beg van daaropvlg 2 rye – 42(44; 46) ste.

Brei pat op oorbl ste om 'n kraag te vorm, vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry, 3 keer altesaam, neem vermeer-ste in pat op – 48(50; 52) ste.

Brei dan reguit tot kraag 11 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n RK-ry.

Heg alle ste rifs-gewys af.

VOORPANT

Soos agterpant.

MOUE (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 46(46; 50) ste op, brei 16 cm dubbelrif, beg 1e ry met r2.

Eindig met 'n VK-ry.

Brei voort in rif, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 4e ry, 12(14; 14) keer altesaam, neem vermeer-ste in pat op – 70(74; 78) ste.

Brei reguit tot werk 48 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Moukopvorming: Heg 5(6; 7) ste af aan beg van vlg 2 rye, 4 ste aan beg van daaropvlg 2 rye, 3 ste aan beg van vlg 4 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 10 rye en 1 st aan beg van vlg 2 rye; heg dan oorbl 18(20; 22) ste rifs-gewys af.

AFWERKING

Blok alle pante volgens mate, bedek met 'n klam lap en laat droog word.

Werk skouer- en kraagnate toe. Werk moue vas. Werk sy- en mounate toe. Vou kraag buitekant toe dubbel. □